DOXA DEO

29 Mei 2020

ONS POSISIE RAKENDE VLAK 3 SE IMPLIKASIES VIR KERKBYEENKOMSTE

Hierdie kommunikasie is van toepassing op Juniemaand. Aanpassings sal gemaak word wanneer nuwe inligting beskikbaar is vir Julie.

Ons toewyding

Die Suid Afrikaanse maatreëls om die verspreiding van die virus te bekamp geniet ons heelhartige steun. Ons het waardering daarvoor dat kerk leiers as ‘n noodsaaklike diens beskou word in hierdie uitdagende tyd.

Doxa Deo sal alles in ons vermoë doen om ‘n positiewe bydrae te lewer tot die fisiese, maar ook emosionele en geestelike welsyn van ons nasie.

Kantore

Ons sal stelselmatig ons kantore heropen en ook mense daar begin bedien in volledige ooreenstemming met die vereistes gestel deur die regering.

Byeenkomste

Al ons fasiliteite sal vanaf 1 Junie heropen vir byeenkomste van minder as 50 mense per keer met streng maatreëls in plek soos voorgeskryf deur die regering. (Dit sluit in: sosiale afstand, ontsmetting, gesig maskers, temperatuur meting ens.) Met die handhawing van hierdie maatreëls, sal persone toegelaat word om in ons fasiliteite byeen te kom vir opleiding, leierskap vergaderings en bediening. Begrafnisse vind reeds plaas volgens die voorgeskrewe vereistes.

Sondae

Gewone kerkdienste op Sondae maak nie op hierdie stadium sin nie. Ons sal voortgaan met die uitsending van kerkdienste en moedig mense aan om tuis in te skakel. Sekere kampusse kan van die voorsiening van 50 persone op ‘n Sondag gebruik maak vir persone wat nie toegang tot internet het nie. Streng maatreëls sal gehandhaaf word.

Siek, hoë risiko en ouer persone sal nie toegelaat word nie as gevolg van die risiko faktore betrokke.

Groepslewe

Om in huise byeen te kom word nog nie toegelaat nie, dus sal ons met die gebruik van tegnologie voortgaan.

Groepe kan van ons fasiliteite gebruik maak om byeen te kom met die handhawing van alle maatreëls.

Ons hou aan om God te vertrou dat Handelinge 2:42-47 gestalte sal hê in ons bedieninge ten spyte van die beperkings.

Handelinge 2:42 47: “Hulle het hulle heelhartig ***toegelê*** op die ***leer*** van die apostels en die onderlinge ***verbondenheid***, die gemeenskaplike maaltyd en die ***gebede***. Die apostels het baie ***wonders*** en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. Al die gelowiges was ***eensgesind*** en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal ***uitgedeel*** volgens elkeen se ***behoefte***. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel ***bymekaargekom***, van ***huis*** tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God ***geprys***. Die hele volk was hulle ***goedgesind***. En die Here het elke dag mense wat ***gered*** word, by die gemeente ***gevoeg***.”

Leef Geseënd,
Die Doxa Deo Globale Leierskap Span